

Maandag 7 November

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:9-19

Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:15

God hoor én verhoor ons gebede

Ons ken Hanna as Elkana se seergemaakte, bespote, kinderlose vrou. Wat elke jaar 'n hoogtepunt vir haar moes wees wanneer hulle familie offers gebring het, was jaar na jaar 'n foltering. Jaar na jaar het sy gevoel sy is verwerp.

Ken jy die gevoel om verwerp te wees? Voel jy soms jy is 'n mislukking?

Toe, een jaar toe sy weer die foltering ervaar, het sy haar siel voor God uitgestort. Sy het haar binneste leeggemaak. Eli, die priester, het haar eers van dronkenskap verdink, maar toe hy agtergekom het wat in haar hart omgaan, het hy haar verseker dat sy in vrede kan gaan. Nie lank daarna nie, het Hanna swanger geraak en aan 'n seun geboorte gegee.

Hanna se geskiedenis is nie vir ons 'n waarborg dat ons presies sal kry wat ons vra wanneer ons ons siele voor die Here uitstort nie. Ons het egter die versekering dat ons gebede verhoor sal word, want 'n Priester wat groter as Eli is, tree vir ons by God in. God se eie Seun tree vir ons in. Hy ken die lyding van hierdie wêreld.

Daarom kan ons ook verseker weet “dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet” (Rom. 8:28). Ons kan met ons lewens voortgaan, ook wanneer dinge op ons pad kom wat nie vir ons sin maak nie.

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 3, 5, 6

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)